

kommersiële
feedback

Volume 2

Kleine Zalze Wynlandgoed



Bio Science se Aartappeltoets





Kleine Zalze Wynlandgoed

Kleine Zalze is 'n wynproduserende familieplaas net buite Stellenbosch in die hart van die Kaapse wynland. Die plaas spog met 'n roemryke geskiedenis en tradisie van topgehalte wyn.

Nicolaas Cleef, 'n Duitse setlaar van die dorpie Gross Zalze, was die eerste eienaar van Kleine Zalze. Hy en sy Franse Hugenoot-vrou, Barbere le Fèbre, het die eerste wingerd daar in 1683 aangeplant. Die kelder is in 1695 gebou, dieselfde jaar waarin die eerste wyn ook gemaak is. Tydens 'n

rits hieropvolgende Nederlandse eienaars van die plaas is die plaasnaam tot die meer Nederlandse vorm Zalze verander. Kobus Basson het die eiendom in 1996 gekoop en omvattende modernisering en opgradering van die kelder onderneem.

Kleine Zalze Wynlandgoed sluit ook die bekroonde Terroir Restaurant in, wat reeds sedert 2004 onder Suid-Afrika se top-10 restaurante tel, sowel as die 4-ster Kleine Zalze Lodge met sy 47 slaapkamers. Die De Zalze-golfbaan is ook op

grond van Kleine Zalze geleë. Al hierdie geriewe is onderling verbind en besoekers word aangemoedig om hulle gesamentlik as 'n lewenstylervaring te geniet. Kleine Zalze het met groot sukses daarin geslaag om die wynmaakproses met die gasvryheidsbedryf en puik diens te kombineer, wat besoekers van 'n unieke ervaring verseker.

By Kleine Zalze word geglo dat gehaltewyne in die wingerd ontstaan. Die vervaardiging van topgehalte wyn verg

intensiewe tydsbesteding en sorg. Alles word dan ook in die stryd gewerp om volmaaktheid te bereik. Besondere aandag word daaraan geskenk om druiwe van buitengewone gehalte te kweek, terwyl elke wingerd tydens die groeiseisoen individueel geëvalueer en bestuur word. Die druiwe van elke wingerdblok word individueel in wyn omskep, om die wynmaakspan die boustene te bied om wyn te maak waarin jy die presiese plek van afkoms kan proe. Omvattende oesvermindering word ook toegepas om wyn van die beste gehalte en vrugtesmaak, met puik karakter en verouderingspotensiaal, te lewer.

Plaasbestuurder, Henning Retief, en wynbouer, Schalk du Toit, lê die grondslag vir die bekroonde wynportefeulje, deur druiwe van buitengewone gehalte te lewer by wyse van wynboukundige tegnieke wat op volhoubaarheid



konsentreer. Hul sukses berus op die spesiale aandag wat hulle aan die bestuur van die mikroklimaat rondom die druiwetrosse skenk. Hul besluite, soos die planrigting van die wingerdrye, die wyse waarop wingerdstokke opgelei word, die hoogte bo die grond van die wingerde, asook die vorm en digtheid van die blaardek, lewer alles 'n bydrae tot die gehalte van die vrug wat aan die kelders gelewer word.

Henning Retief is al drie jaar lank die plaasbestuurder op Kleine Zalze, waartydens die maatskappy talle vernuwende konsepte en idees geïmplementeer het. Henning het ook vanuit die staanspoor Neutrog-produkte, soos Bounce Back en Rapid Raiser gebruik, en sodoende verseker dat die plaas daadwerklike stappe in die rigting van biologiese boerdery doen. Bounce Back word as seisoenale bemesting op die gevestigde wingerdstokke gebruik en Rapid Raiser op die jong plante tydens die plantproses. Ongeveer 500 kg Bounce Back per hektaar word met die hand as seisoenale bemesting toegedien en omtrent 200 g Rapid Raiser per wingerdstok tydens die plantproses, waarna Henning onmiddellik besproei. Die

grondtoestand het opmerklik verbeter sedert daar met die gebruik van Neutrog begin is. Die grond is byvoorbeeld aktiewer en beter gebalanseerd, met al die belangrike grondelemente in 'n meer natuurlike verhouding tot mekaar. Die lewenskragtigheid van die grond het die laaste paar jaar baie toegeneem. Die grondstruktuur het verbeter.

Henning sal beslis voortgaan om Neutrog-produkte te gebruik, so lank as wat die puik resultate wat tot dusver daarmee bereik is, voortduur.

"Die intensiteit van die 'Nuwe Wêreld' met sy rykdom vrugtige geure, gekombineer met die elegansie en struktuur van die 'Ou Wêreld', is 'n resep vir bekroonde wyne van karakter, kompleksiteit en balans wat hul terroir en klimaat weerspieël."

Dit is hierdie verfynde benadering tot wingerdbou en die wynmaakproses, in samehang met aandag aan detail en daardie persoonlike aanslag so tipies van 'n landgoed in familiebesit, wat so 'n belangrike bydrae tot die volgehoue sukses van Kleine Zalze se wyne lewer.



Your crops will just love SEAMUNGUS™




- Composted **poultry manure, seaweed and fishmeal.**
- Ideal for **promoting plant growth and health.**
- Increases the ability of the soil to **retain moisture** and **stimulate root growth.**
- Will help **increase resistance to pests and disease.**


Aartappeltoets met Rapid Raiser

Veldtoetse	Behandeling	Hoeveelheid	Toets Een	Toets Twee	Afwyking van Standaard: positief of negatief statisties Standaard Gips
Standaard	Gips Dubbel Superfosfaat NPK 2:3:4	2000 kg / ha 1000 kg / ha 500 kg / ha	x	x	Standaard
Neutrog 2	Gips Dubbel Superfosfaat Rapid Raiser	2000 kg / ha 1000 kg / ha 1200 kg / ha	x	x	Positief
Neutrog 4	Gips Rapid Raiser	2000 kg / ha 2000 kg / ha	x	x	Positief
Neutrog 5	Gips Rapid Raiser	2000 kg / ha 4000 kg / ha		x	Positief
Neutrog 6	Gips Dubbel Superfosfaat Neutrog Seamungus	2000 kg / ha 1000 kg / ha 1200 kg / ha		x	Positief
Neutrog 8	Gips Neutrog Seamungus	2000 kg / ha 4000 kg / ha		x	Positief
Neutrog 4	Gips Kompos Rapid Raiser	2000 kg / ha 3000 kg / ha 2000 kg / ha	x		Positief en Negatief
Neutrog 5	Gypsum Kompos Rapid Raiser	2000 kg / ha 2000 kg / ha 3000 kg / ha	x		Positief en Negatief

TOETS 1



TOETS 2



Kan Neutrog-bemestingstow we anorganiese bemesting volkome of gedeeltelik in die verbouing van aartappels vervang, en met watter resultate?

Die doelwit van hierdie studie was om die opbrengs en gehalte van aartappelplante wat onder veldstudietoestande met Rapid Raiser behandel is, te bepaal, vergeleke met verskillende ander standaardbehandelings.

Toediening: Vorige veldtoetste het getoon die beste kans op sukses, wat opbrengs en gehalte betref, is om Neutrog in die bemestingfase vóór aanplanting toe te dien. Twee statistiese toetse is onderneem om te bevestig wat voorheen waargeneem is.

Wanneer jy die anorganiese 2.3.4. @ 500 kg/ha (sien toets 2) tydens aanplanting met Rapid Raiser en Neutrog Seamungus vervang, teen die verhouding van 2 ton per hektaar, blyk die opbrengs en oesgehalte dieselfde te wees as met die konvensionele metode. Daar is egter opgelet dat wanneer jy Rapid Raiser en Neutrog Seamungus teen hoër verhoudings toedien - soos 4 ton per hektaar - die opbrengs aansienlik groter is.

Hierdie toets is deur Chris Coetse van Bio Science gedoen.